

Toestemmingsvorm vir Ouers

Beste ouer/wetlike voog

U kind stel daarin belang om bloed te skenk, of is dalk reeds 'n bloedskenker.

Volgens die Nasionale Gesondheidswet Nr. 61 van 2003 en sekere Regeringskennisgewings, is die Westelike Provinse Bloedoortappingsdiens (WPBOD) verplig om geskrewe toestemming van 'n ouer of wetlike voog te verkry om bloed te neem van persone onder the ouderdom van 18 jaar. Die minimum ouderdom om bloed te skenk is 16 jaar.

Wie kan bloed skenk? Bloedskenkers:

- Is 16 jaar of ouer op die dag van skenking;
- Weeg 50kg of meer;
- Lewe 'n veilige seksuele leefstyl;
- Is gesond op die dag van skenking; en
- Het 'n maaltyd genuttig binne drie ure vóór skenking.

Wat gebeur op die dag van skenking en daarna? Is dit veilig?

- U kind sal 'n vorm voltooi met hul kontakbesonderhede en vrae beantwoord oor hul gesondheid en leefstyl. Hierdie vrae dek enige huidige mediese toestande, medikasiegebruik, seksgedrag, reisgeschiedenis en ander risikofaktore vir ordraaglike siektes.
- U kind se hemoglobienvlak word getoets deur 'n vingerprik.
- U kind se pols en bloeddruk word nagegaan.
- U kind sal 475ml bloed skenk en dit neem ongeveer 10-20 minute. Alle toerusting en naalde is steriel en word slegs een maal gebruik, en daarna vernietig. Dit is onmoontlik om enige siekte te kry deur bloed te skenk.
- Ná die skenking sal u kind vir 'n rukkie rus en koeldrank en koekies aangebied word.
- U kind moet sy/haar vloeistof-inname verhoog ná skenking en die optel van swaar voorwerpe met die arm waarmee geskenk is, asook oefening vermy op die dag van en ná skenking.
- Gereelde bloedskenking mag tot die uitputting van ysterstore lei. Daarom, ten einde skenkersorg te verbeter, bied die WPBOD ystertablette aan sekere kategorieë van gereelde bloedskenkers om die yster aan te vul wat deur bloedskenking verlore raak.

Meeste skenkers voel goed voor, gedurende en ná bloedskenking. Sommige skenkers mag sekere newe-effekte ondervind wat meer geneig is om voor te kom onder jong, nuwe en/of lae-gewig skenkers. Deur baie vloeistof te drink en goed te eet voor skenking kan hierdie gevolge verminder word.

Hierdie newe-effekte mag die volgende insluit:

- 'n Lighoedige gevoel of duiseligheid.
- Pyn, rooiheid of kneusing waar die naald ingestek is.
- Baie selde kan sekere skenkers die volgende ondervind:
 - Floute wat kan lei tot 'n val/beserings.
 - Senuweebesering wat tot tydelike lamheid van die hand mag lei.

Ons personeel is opgelei om na skenkers om te sien en kan hierdie buitengewone komplikasies wat met bloedskenking mag gepaardgaan herken en behandel.

Word elke skenking getoets?

Elke skenking word getoets vir MIV (die virus wat tot VIGS lei), hepatitis B & C en sifilis. Indien enige toetsresultaat u kind diskwalifiseer om verder te skenk, sal ons direk met u kind kommunikeer en hom/haar toepaslik raad gee. Dit mag insluit om hom/haar weg te wys of uit te sluit van bloedskenking en verwysing na 'n dokter of kliniek vir verdere hantering. Ons handhaaf die konfidensialiteit van inligting wat ons van ons skenkers verkry, en ons sal hierdie inligting SLEGS vrystel aan skenkers se ouers met sy/haar toestemming.

Dankie vir u ondersteuning en dat u u kind se keuse om bloed te skenk en lewens te red, aanmoedig. Vir jong volwassenes is dit 'n waardevolle ondervinding om terug te gee. Besoek gerus www.wpblood.org.za vir meer inligting, of kontak die Diens as u nog enige vrae het oor toestemming vir u kind om bloed te skenk.

Dr Greg Bellairs

Hoof uitvoerende beamppte/Mediese direkteur

Vul asseblief die vorm onder in en gee die volledige vorm vir u kind wat dit elke keer moet indien wanneer hy/sy bloed skenk.

Ek het die inligting wat bloedskenking betref gelees en verstaan dit.

Ek gee hiermee toestemming dat _____, gebore op _____ vrywillig kan bloed skenk.

Ek verstaan dat die getekende toestemmingsvorm deur WPBOD gehou sal word en met elke skenking benodig sal word totdat my kind 18 jaar oud word.

Ouer/wettige voog volle name (Drukskrif): _____ Tel/Sel: _____

Handtekening van ouer/wettige voog: _____ Datum: _____

Handtekening van skenker: _____ Datum: _____

PBR29 (23 Feb 16)

t: 021 507 6300 • www.wpblood.org.za

SMS 'bloed' na 33507 en ons sal terugbel (R1.50 per SMS)



WP Blood Transfusion Service
Do something remarkable